

AKTIWITEITSGIDS VIR LESERS: Spookskip



Spookskip
Deur Antoinette Diedericks
Ilustrasies deur Astrid Castle



HOE OM DIE AKTIWITEITSGIDS TE GEBRUIK

Hierdie gids bied jou hoofstuk-vir-hoofstuk aktiwiteite om die lees van elke storie te verryk.

Die aktiwiteite is geskik vir lesers in die Intermediêre fase, maar kan ook maklik vir jonger en ouer lesers aangepas word. Die aktiwiteite kan voltooi word na die lees van elke hoofstuk.

Die aktiwiteitsbladsy by elke hoofstuk sluit die volgende in:

- (a) 'n pretaktiwiteit (die fokus van hierdie aktiwiteit is gewoonlik woordeskatuitbreiding).
- (b) 'n begripsoefening.
- (c) 'n daaglikse redigeer- of taal oefening (Vergelyk jou werk met die gepubliseerde storie om te sien of jy al die foute uitgeskakel het).
- (d) 'n prettige koerant- of navorsingsaktiwiteit.

Opvoeders kan hierdie aktiwiteitsbladsye vir die leerders afrol sodat leerders die aktiwiteite daarop kan voltooi.

*Daar is ook 'n hulpbronnepakket (wat al die antwoorde/oplossings bevat) vir opvoeders/ouers beskikbaar.

Hoofstuk 1 en 2

Aktiwiteitsblad

Naam van leerder: _____ Graad: _____

A Woordsoek:

1. Hou 'n klaskompetisie. Lees elke keer een van die woordbeskrywings in die lys. Kyk dan wie kan eerste die woord in die woordruit kry. Party woorde is van links na regs geskryf en ander is van regs na links.

Woordbeskrywings

Die baas van 'n skip

Die dagboek waarin die kaptein van die skip elke dag skryf wat daardie dag op die skip gebeur het

lemand wat op 'n skip werk

Houtdromme om op 'n skip water in te bêre

'n Slaapkamer op 'n skip

Smaakmiddels om kos lekker te laat ruik en proe

'n Apparaat waardeur 'n mens met een oog kyk om ver te kan sien

'n Kort sweep aan 'n stok (gewoonlik gebruik jy dit as jy perd ry)

Die katrolle en toue waarmee 'n mens die seile op 'n skip hys en laat sak

'n Grappige woord vir drank of alkohol

'n Swaar stuk yster wat 'n skip aan die seabodem vashaak

%	T	A	K	E	L	W	E	R	K	@	Z	V	R	A	G
X	W	A	T	E	R	V	A	T	E	&	R	E	K	N	A
B	S	K	E	E	P	S	J	O	E	R	N	A	A	L	&
Q	T	I	U	J	A	K	&	#	N	I	E	T	P	A	K
M	A	T	R	O	O	S	\$	+	S	T	A	W	R	A	K
T	E	L	E	S	K	O	O	P	%	Q	E	I	U	R	K
&	=	V	E	R	S	T	E	R	K	W	A	T	E	R	%

B Doen navorsing:

Gaan biblioteek toe en lees in 'n ensiklopedie op oor die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie. (In Nederlands is die naam *Vereenigde Oost-Indische Compagnie* en in Engels *Dutch East India Company*). Pas dan 'n sinsdeel in Kolom B om elke deel in Kolom A reg te voltooi. Jy kan ook in die woordeboek kyk.

<u>Kolom A</u>	<u>Kolom B</u>
1. Die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) was 'n	a) Die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie
2. Die VOC het handel gedryf met	b) Batavia
3. ... was nog 'n land wat in Indonesië speserye en kruie wou kry; hulle was die Nederlanders se mededingers (opponente) .	c) water en kos
4. Die hoofstad van die Nederlanders se kolonies in Indonesië was	d) Nederlandse handelsmaatskappy.
5. Op Goeie Vrydag dink Christene aan	e) Portugal
6. Partymaal noem ons Nederland ook	f) kruie en speserye.
7. By Kaap die Goeie Hoop kon die skepe vars ____ kry.	g) Holland
8. Die Here Sewentien was die base van	h) die dag toe Christus aan die kruis gesterf het.

C Die sinne in die onderstaande paragraaf is nie in die regte volgorde nie.


Skryf die sinne in die volgorde wat dinge in die storie gebeur het.

Die Hollandse matrose het die skatkaart gekry, maar die Portugese skeepsjonge het hulle gesien. 'n Portugese skip met die naam *Nossa Senhora Madalena* het naby die Hollanders anker gegooi. Drie Hollandse matrose het in die nag na die skatkaart gaan soek. 'n Portugese matroos het gesê hulle het 'n kaart wat wys waar 'n skat weggesteek is. Kaptein Van der Decken sê hulle moet dadelik wegseil voordat die Portugese die skatkaart kom terugvat. Die skatkaart was in die Portugese kaptein se kajuit.

D Gebruik die koerant:

Blaai deur vandag se koerant. Kyk of jy enige advertensies kan kry van maatskappye wat bootreise adverteer. Jy kan ook die NetAds- gedeelte van die koerant gebruik.

Plak die advertensie (of advertensies!) in hierdie spasie:



Hoofstuk 3

Aktiwiteitsblad

Naam van leerder: _____ Graad: _____

A Teken 'n seilskip:


Kry 'n prent van 'n outydse seilskip en teken dit in die raam oor. Gebruik hierdie byskrifte:

Hoofseil
Takelwerk

Agterdek
Voordek

Kraaines
Bakboord

Stuurboord
Dwarsmas



B Beantwoord die volgende vrae in volsinne:

1. Op 28 Maart 1641 het Kaptein Van der Decken in die skeepsjoernaal geskryf dat hulle oor twee dae na Kaap die Goeie Hoop sal begin vaar. Nou kan hulle al Kaap die Goeie Hoop sien. Hoe lank het dit hulle geneem om tot daar te seil? _____ (1)
2. Wat dink die matrose, waarom is daar al veertien van die Hollandse bemanning dood?
_____ (1)
3. Vir wie het Kaptein Van der Decken deur sy teleskoop gesien? _____ (1)

4. Die kaptein skryf in sy joernaal dat hulle gaan wag tot die storm verby is voordat hulle om Kaappunt vaar. Hoekom besluit hy later anders? _____

_____ (2)

5. Kaptein Van der Decken het vir die donderstorm geskree dat niemand hom sal keer om rondom die Kaap te seil nie. Wat was sy straf daarvoor dat hy die hemel uitgedaag het?

_____ (3)

C Voltooi die sinne:

Lees weer die laaste paragraaf en kies dan woorde uit die raampie om die volgende sinne te voltooi:

1. Die lig het _____.
2. Die storm het _____.
3. Die naam van kaptein Van der Decken se skip was _____.
4. Toe die son op die skip skyn, kon 'n mens dit nie meer _____ nie.

Vlieënde Hollander

uitmaak

gaan lê

weggeraak

D Skryf die woorde reg:

Die skuins gedrukte woorde het deurmekaar geraak van die see se geskommel. Skryf die woorde reg oor. Jy kan in Hoofstuk 3 kyk hoe om die woorde reg te skryf.

1. Die tralies wat om die dek van die skip gebou is en keer dat 'n mens afspoel van die dek, is die *rleing*.

2. Al die mense wat op 'n skip werk is die skip se *baminneng*. _____

3. Wanneer 'n mens die seile styf trek dat die wind die skip kan vorentoe waai, *naps* jy die seile.

4. Golwe wat breek, is *drenbars*. _____

Hoofstuk 4

Aktiwiteitsblad

Naam van leerder: _____ Graad: _____

A Vou 'n boot en teken dit:

Laat iemand vir jou die aanwysings lees om 'n eenvoudige bootjie te maak. Terwyl die persoon lees, vou jy die bootjie. Plak dan jou papierbootjie in die raam hieronder.

Vir die pret

As jy belang stel in papiervou ("origami") kan jy 'n boek daaroor by die biblioteek uitneem of jy kan dit *google*. Dan kan jy sommer sien hoe om 'n boot te vou waarvan die romp nie agter oop is nie.

B Pas die woorde by die beskrywings:

In kolom A is woorde uit hoofstuk 4. Pas elke woord by die beste beskrywing daarvoor in Kolom B

<u>Kolom A</u>	<u>Kolom B</u>
1) hamer	a) 'n krom blaasinstrument
2) kort na middernag	b) hand skud om te wys jy gaan by 'n afspraak hou
3) bleek	c) glo in onnatuurlike dinge
4) wapper	d) hoë inrygskoene
5) beuel	e) hard klop
6) wrakstukke	f) stukke wat van 'n gestrande skip afgebreek het
7) 'n ooreenkoms bekragtig	g) slegte dinge gaan met hulle gebeur
8) hulle is vervloek	h) in die wind fladder
9) bygelowig	i) vaalwit, amper kleurloos
10) stewels	j) 'n klein bietjie later as 12-uur

C Sit die sinne in 'n paragraaf:

Gebruik skakelwoorde om van die klomp los sinne hieronder een goeie paragraaf te maak. Skryf jou paragraaf op 'n folio/agter op die bladsy.

1. Die Portugese kaptein het deur sy teleskoop gekyk.
2. Die kaptein sien die *Vlieënde Hollander* in die stormsee verdwyn.
3. Dit het donker geword.
4. Die Portugese kon nie meer verder soek nie.
5. Hulle het gaan slaap.
6. Kort ná middernag het Erik met 'n roeiboot by die Portugese skip aangekom.
7. Erik het gesê die Hollanders sal die Portugese se skatkaart vir die Portugese teruggee.
8. Die Portugese moet die Hollanders se pos saamvat Europa toe.
9. Kaptein De Castro het die ooreenkoms bevestig.
10. Kaptein De Castro het uit die glasflessie gedrink.
11. Die *Nossa Senhora Madalena* het op die rotse van Kaappunt vergaan.

Wenk: Jy kan skakelwoorde en leestekens hieronder gebruik of jy kan jou eie kies.

toe	en	hoe	maar
dit	hulle	dan	:
maar	hy	omdat	;
net toe	as	nadat	,

D Gebruik die koerant:

Soek in vandag se koerant na die weerkaart. Soek op daardie bladsy na die kaartjie met die naam "Deinings". (Dit sê hoe hoog die golwe is.) Teken hierdie kaart oor in die raam hieronder, maar vergroot hom. Gebruik die vier plekname uit die koerant. Wys op jou kaart die volgende:

1. hoe hoog die deining is;
2. hoe sterk die wind is;
3. of reën of sonskyn vir môre voorspel word.

Wenk: vir Kaap Colombine kan jy Langebaan se temperatuur en windsterkte gebruik.



Voltooi die sin:

Gebruik die inligting uit jou weerkaart om hierdie sin te voltooi:

Die golwe is vandag die hoogste by _____; die wind gaan by _____ die sterkste waai en dit gaan vannag die koudste wees by _____.


Hoofstuk 5

Aktiwiteitsblad

Naam van leerder: _____ Graad: _____

A Teken oom Pedro se winkel:

Lees weer die paragraaf uit Hoofstuk 5 wat vertel hoe dit binne oom Pedro se winkel lyk. Teken dan iets uit die winkel soos jy dit in jou verbeelding sien. Maak jou tekening in die raam hieronder.



B Vul die ontbrekende woorde in (soeklees):

Soeklees die eerste deel van Hoofstuk 5 vir die woorde wat in die spasies ingevul moet word.

1. Christo sê André is 'n _____ (*iemand wat teen die kaptein van sy skip in opstand kom*).
2. Christo wil van sy vakansiegeld 'n _____ koop (*'n miniatuur skip wat presies soos 'n werklike skip lyk*).
3. Die tweeling het vir Kersfees 'n boek oor _____ gekry (*die reste van skepe wat vergaan het*).
4. Die "swaard" wat André gebruik is eintlik 'n _____ (*apparaat om strepe mee te trek*).
5. André glo nie in bonatuurlike goed soos spoke nie, want sy meneer sê daar is 'n wetenskaplike _____ vir alles (*rede*).


C Sit die regte leestekens in die paragraaf hieronder:

In die paragraaf hieronder is daar drie plekke waar verkeerde leestekens gebruik is. Onderstreep die foute en skryf die regte leestekens bo die onderstreepte teken.

Die seuns hardloop na oom Pedro se winkel toe, Hulle moet gou maak; want hulle moet nog vis koop vir middagete. Toe hulle oom Pedro groet, sê die oom hulle kan maar vir hulle elkeen iets uit die boks soek. André sien 'n sleutel en Christo sien 'n glasflessie. André vra of Christo 'n blompot wil hê?

D Gebruik die koerant:

Die tweeling is met vakansie in Kampsbaai by hulle oupa en ouma. Nie almal is so gelukkig om 'n gratis seevakansie te kan kry nie. Blaai deur vandag se koerant en soek na advertensies van vakansieplekke wat vir jou lekker en bekostigbaar lyk. Plak die advertensie(s) in die raam hieronder en skryf dan onder die advertensie drie byvoeglike naamwoorde wat die plek beskryf.



Hoofstuk 6

Aktiwiteitsblad


Naam van leerder: _____ Graad: _____

A Skryf 'n geheime briefie:

Christo se glasflessie fluister 'n klomp syfers oor en oor – miskien praat die glasflessie in geheime kode! Skryf jou eie geheime briefie vir jou maat deur die gegewe kode te gebruik. Skryf jou gekodeerde briefie in die spasio hieronder. Hier is die briefie wat jy moet kodeer:

Haai ... (*jou maat se naam*). Kry jou pouse op die speelgrond. Onthou om jou (wa)-pen saam te bring. Sien jou. ... (*jou eie naam*).

Kodes



B Maak die spelfoute reg:

In elkeen van die volgende sinne is een woord (uit Hoofstuk 6) verkeerd gespél. Trek 'n netjiese streep deur die woord met die verkeerde spelling en skryf dit dan bokant die woord reg oor.

1. "Wat dink jy beteken al hierdie seifers?" vra Christo.
2. Christo skree sagies dat hy die wreedste seerower van alle tye is.
3. Christo leister met sy een oor teen die glasflessie.
4. André sê daar is nie goet soos spoke nie.
5. Toe die mis weg is, was dit nie meer kuot in die tweeling se kamer nie.
6. Die seuns sit die flessie in die fensterbank neer.

C Vervang elke keer die onderstreepte woorde om die sin waar te maak:

1. Christo word wakker omdat hy sweet van die warmte. _____

2. Daar stroom mis by die venster se opening uit. _____

3. Die rooi lig en die mis verdwyn toe 'n sonstraal op die flessie val. _____

4. Christo dink hulle moet vir Oupa van die pratende flessie met die slierte mis en die rooi skynsel vertel en André dink hulle moet vir oom Pedro vertel. _____

5. Christo kyk binne die glasflessie en sien dis propvol. _____

D: Gebruik die koerant:

Syfers kan vir allerhande goed gebruik word, nie net om somme te doen en geheime kodes te ontwikkel nie. Een lekker ding wat 'n mens daarmee kan doen, is om Sudoku te speel. Knip uit vandag se koerant die Sudoku uit en plak dit in die spasie hieronder. Kyk dan of jy die Sudoku kan uitwerk.

Hoofstuk 7

Aktiwiteitsblad

Naam van leerder: _____ Graad: _____

A Voltooi die blokkiesraaisel:

1.			8.											
		2.							9.	10.				
									3.					11
					12									
4.														
5.		13.												
					6.									
							14.							
	7.													

Leidrade

Dwars

1. Mense wat nie vroeg opstaan nie
2. Mense wat skepe skaak
3. Op ____ staan (regop en met jou voete langs mekaar)
4. Die kleur van Christo se gesig toe hy vir oom Pedro jok
5. Denkbeeldige lyne op die wêreldkaart wat grade Oos en Wes aanwys
6. Lengte en breedtegrade wat mekaar kruis sodat jy plekke op 'n kaart kan kry
7. 'n Wêreldwye netwerk van rekenaars wat aan mekaar gekoppel is

Af

1. Oom Pedro sit dit op om beter te kan lees
8. Twee kinders van dieselfde ouers wat saam gebore word
9. Dwarshout aan die mas van 'n skip waaraan 'n seil hang
10. Iemand groet asof jy in die weermag is
11. 'n Internet soekenjin
12. 'n voorstelling van die wêreld
13. Bokant die nul breedtegraad
14. Die kant waar die son ondergaan

B Beantwoord die volgende vrae in volsinne:

1. Wat wil André en Christo vroeg die oggend by die hawe gaan maak?

2. Watse leuen vertel Christo vir oom Pedro?

3. Wat is die waarheid, waar kry hy eintlik die syfers?

4. Dink jy oom Pedro het vir Christo geglo? (Ja/Nee) _____ Hoekom sê jy so? _____

5. Wat dink oom Pedro is die getalle wat die seuns vir hom gebring het? _____

6. Wat wil die seuns op die internet gaan doen?

7. Waarvoor staan die "S" en die "E" wat André by die getalle skryf? _____

8. Dink jy die seuns het dit gekry wat hulle op die internet gesoek het? (Ja/Nee) _____ Hoekom sê jy so? _____

C Verbeter die volgende sinne deur die ontbrekende lees- en skryftekens in te vul:

1. Na ete se Oupa Amper vergeet ek Oom Pedro het gebel Hy se dit kan dalk koördinate wees Julle weet seker wat hy bedoel

2. Koördinate soos in die goed op die wereldkaart vra Andre

3. Ek weet nie van enige ander soort koördinate nie lag Oupa

D Doen navorsing:

Gebruik 'n atlas of die internet. Soek hierdie koördinate op en vind uit watter plekke dit aanwys. (In die atlas sal jy dalk nie die minute (die laaste getal by elke graad) sien nie.

1) Breedtegraad: 25 42' 25" Suid (= 25°, 42 minute en 25 sekondes Suiderbreedte)

Lengtegraad: 28 13' 46" Oos (= 28°, 13 minute en 46 sekondes Oosterlengte) _____

2) 33 59' 00" S _____

18 36' 00"

34) 26 44' 00" S _____

20 16' 00"

4) 52 21' 00" N _____

4 55' 00" O

Hoofstuk 8

Aktiwiteitsblad

Naam van leerder: _____ Graad: _____

A. Doen die volgende:

Pas die woord(e) (vanuit hoofstuk 8) van **kolom A** by die beste verduideliking/beskrywing in **kolom B**.

KOLOM A	KOLOM B
1. reservaat	a) so moeg dat jy hyg
2. funikulêr	b) gebou waarin 'n baie skerp lig brand om skepe teen rotse te waarsku
3. steilte	c) wildtuin
4. ontwerp	d) maak asof jy belangrik is
5. ligtoring	e) treintjie of kar wat aan kables hang
6. vervies	f) 'n berg of stuk land wat met 'n spits in die see inloop
7. <i>latitude</i>	g) skerp opdraande
8. kaap	h) uitgedink en beplan
9. grootdoenerig	i) breedtegraad
10. uitasem	j) kwaad word, jou wip

B Beantwoord die volgende vrae in volsinne:

1. Waarheen het André en Christo saam met hulle ouma en oupa gery?

_____ (1)

2. Hoe het Ouma en Oupa bo by die ligtoring gekom?

_____ (1)

3. Hoe het die tweeling daar gekom?

_____ (1)

4. Watter plek word aangedui deur die koördinate wat die glasflessie die ander nag (in Hoofstuk 6) gefluister het?

_____ (1)

5. Hoekom kon Christo eers nie deur die teleskoop sien nie?

_____ (1)

6. Daar is drie kape by die suidpunt van die Kaapse skiereiland. By watter kaap kyk die seuns deur die teleskoop?

_____ (1)

Hoofstuk 9

Aktiwiteitsblad

Naam van leerder: _____ Graad: _____

A Hou 'n klaskompetisie

Soeklees Hoofstuk 9 vir die volgende woorde. Kyk elke keer wie die antwoord eerste kry en skryf dit dan in die spasie in.

1. een woord vir *gesonde lekkergoed wat 'n mens krag gee* _____
2. 'n sinoniem vir *voetslaanpaadjie* _____
3. 'n ander woord vir *bang* _____
4. 'n Engelse woord vir *vervelig* _____
5. 'n ander woord vir *tjips* _____
6. een woord vir *'n dier se hare* _____
7. twee woorde wat beteken *kan nie daarby bykom nie* _____
8. 'n idioom (uitdrukking) wat dieselfde beteken as *getik* _____
9. een woord vir *groot tande waarmee diere skeur* _____
10. een woord vir *'n geluid wat klink soos 'n kreun of 'n snik* _____]

B Vervang elke keer die onderstreepte woord(e) om die sin waar te maak:

1. André sien 'n bobbejaan deur die teleskoop. _____
2. Die swart ding wat Christo deur die teleskoop gesie het, was waarskynlik 'n monster. _____
3. Die glasflessie in die rugsak lok die bobbejaan nader. _____
4. Die bobbejaan roep Christo nader om die energiestafie weg te gooi. _____
5. Die bobbejaan is bitterlik bly toe die glasflessie begin aktief raak. _____

C Doen die volgende:

Die paragraaf hieronder som Hoofstuk 9 op, maar die sinne is deurmekaar. Skryf die nommers in die volgorde wat dinge in die storie gebeur het.

(1) Tot hulle verrassing vra die bobbejaan vir Christo om 'n energiestafie vir hom oop te maak. (2) Die seuns gaan kyk waarheen die bobbejaan gehardloop het. (3) Hulle is warm van die stap en gaan koel af in die see. (4) Hulle stap na Diazstrand toe om te kyk of hulle dáár iets kan sien. (5) 'n Bobbejaan kom eet Christo se tjips op. (6) Die seuns sien niks snaaks by die vuurtoring by Kaappunt nie. (7) Dan skrik hy vir die glasflessie en hardloop weg.

--	--	--	--	--	--	--	--

D Gebruik die koerant:

As mense met die natuur en met wilde diere soos die bobbejaan by Kaappunt inmeng, kom daar altyd rampe. Blaai deur vandag se koerant en kyk of daar enige berigte is oor rampe wat gebeur het as gevolg van sulke inmenging. As jy niks kry nie, soek in ander koerante of tydskrifte of op die internet. Plak die berig in die ruimte hieronder. Skryf onderaan een sin waarin jy mense waarsku om die natuur met respek te hanteer.

Hoofstuk 10

Aktiwiteitsblad

Naam van leerder: _____ Graad: _____

A Hou 'n klaskompetisie:

Soeklees Hoofstuk 10 vir die woorde in Kolom A. Die een wat die woord eerste kry, lees die sin waarin die woord staan vir die klas voor. Pas dan elke woord by sy verklaring of sinoniem in B.

Kolom A	Kolom B
1. verbeel	a) verskillende soorte
2. slierte	b) muur van die grot
3. ontdekking	c) spottend
4. klammigheid	d) 'n rotsdeel wat uitsteek
5. ontsnap	e) hoë, steil rots
6. lysie	f) iets wat jy agterkom of kry
7. allerhande	g) in jou gedagtes sien
8. grotwand	h) goed wat lank, dun en slap is
9. sarkasties	i) wegkom
10. krans	j) natterigheid

B Beantwoord die vrae in volsinne:

1. Hoekom klim die tweeling teen die kranse uit?

_____ (1)

2. Wat kom by Christo se rugsak uit terwyl hulle teen die kranse uitklim?

_____ (1)

3. Hoe kry die seuns die opening onder die oorhangende rots?

_____ (1)

4. Watter bewys kry die seuns dat "hulle" bobbejaan in die grot was?

_____ (1)

5. Binne die grot wys die glasflessie weer vir die seuns 'n skeur in die rotswand. Wat kry hulle binne hierdie skeur? _____ (1)

6. Wat gebeur met die "bottel" toe hulle die leertas kry?

_____ (2)

7. Watter plan het Christo gemaak om by die bobbejaan verby te kom sodat hulle uit die grot kon kom?

_____ (1)

8. Wat het Christo gedink is in die leertas? _____ (1)

Wat dink jy is in die tas? _____ (1)


C Doen die volgende:

In elkeen van die volgende sinne is daar een verkeerde woord. As jy net een letter verander, sal die woord en die sin reg wees. Lees elke keer die sin in Hoofstuk 10 en kyk watter letter verkeerd is. Trek dan 'n netjiese strepie deur die verkeerde letter. Skryf die regte letter bokant die een wat jy doodgetrek het.

1. Die bobbejaan grap tussen die lekkers rond.
2. André wag en maak 'n paar wawiele op die sand.
3. Vorentoe kan hy 'n mooi skynsel uitmaak.
4. "Hier, lug vir my."
5. Die tunnel word bietjie wyer en bou dan op.
6. "Hier, hou die bak vas," sê hy.
7. 'n Klippie tol tot langs hulle voete.
8. "Loop nou stadig teen die vuur langs na die uitgang toe," sê Christo.

D Gebruik die koerant:

Die tweeling klim teen die rotse uit soos wafferse bobbejane. Rotsklim (of *abseil*, soos die Duitsers sê) is 'n gewilde avontuursport sport. Blaai deur vandag se koerant en soek na advertensies vir 'n avontuursport. Knip dit uit en plak dit in die raam. As jy niks kry nie, dink jou eie advertensie uit. Dink dan aan 'n lekker advertensiespreuk vir die sport en skryf dit onder die advertensie met letters of woorde wat jy uit die koerant knip.



Wenk: Ander soorte avontuursport is byvoorbeeld witwaterkanovaart, vlerksweef (*hang-gliding*), valskermspring en haaiduik.

Hoofstuk 11

Aktiwiteitsblad Naam van leerder: _____ Graad: _____

A Vul die blokkiesraaisel in:

1.	8.				9.									
												10.		
2.			11.				12.							
			3.											
4.									13.		16.	d		
							5.	t						
	6.			14.										
7.														
						15.								

Leidrade

Dwars

1. 'n Beeld wat van 'n mens of dier gemaak word
2. 'n Oorhangende stuk van die leertas waarmee dit toegemaak word
3. 'n Dun leertoutjie waarmee die briewe vas gemaak is
4. Oom Pedro kyk oor hierdie ding na die seuns.
5. Die briewe lê op mekaar in ...
6. In die middel van twee goed deur
7. Blinkende, skynende
15. Taal waarin die ou briewe geskryf is
16. Wat 'n mens sê as jy iets aangee (Die woord is nie in die storie nie.)

Af

8. Iets wat nie is soos wat jy verwag nie
9. Wat die seuns in die leertas kry
10. Wat die seuns die glasflessie noem
11. Iets wat geen waarde het nie (Die woord is nie in Hoofstuk 11 nie.)
12. 'n Woord waarmee André vir Christo waarsku
13. Waarheen die mis die seuns lei
14. Onverwags, eensklaps
16. Die handtekening onder aan een brief is Van


B Verander die sinne om hulle waar te maak:

Een woord in elke sin is verkeerd. Trek die woord dood en skryf die regte woord in die spasie neer.

1. Die tweeling wag net tot hulle grootouers opstaan, dan maak hulle die tas oop. _____
2. Die seuns haal 'n pak skatkaarte uit die tas. _____
3. Die briewe is in Duits geskryf. _____
4. Die leertas wys vir die seuns om die briewe terug te sit in die tas. _____
5. Die flessie gebruik woorde om die seuns na oom Pedro se huis toe te lei. _____
6. Oom Pedro het die storie van die *Vlieënde Hollander* en die briewe by sy kind gehoor. _____

C Skryf die woorde in die brief reg:

Een woord in elke sin is verkeerd geskryf. Soeklees Hoofstuk 11 om die regte spelling te kry. Trek die woord met die verkeerde spelling dood en skryf dit met die regte spelling in die spasie.

- 
1. Christo en André maak buerte om te vertel. _____
 2. Die tas is vuil en geflek. _____
 3. Daar is inkvleke op die briewe. _____
 4. Christo vra kwaat vir die flessie wat hy wil hê. _____
 5. Christo kyk op sy orlosie en hy sien dis halfelf. _____

D Gebruik die koerant

In die sewentiende eeu toe Van der Decken vir die Portugese kaptein die briewe gegee het, kon 'n mens nog nie briewe e-pos of SMS nie. Vandag kan 'n mens briewe na die koerant SMS, e-pos of per pos stuur. Soek in vandag se Praat saam/Lesersbriewe een brief wat vir jou interessant is. Soek ook in die kolom SMS/wat sê jy? 'n SMS-boodskap wat vir jou interessant. Knip al twee uit en plak dit in die raam hieronder.

Wenk: Die briewe is gewoonlik op bladsy 8.



Hoofstuk 12

Aktiwiteitsblad

Naam van leerder: _____ Graad: _____

A Pas die woorde in Kolom A by die verklarings in Kolom B:

Kolom A	Kolom B
1. oorleef	a) geluid van musiekinstrumente
2. pier	b) voorste, spits deel van 'n skip
3. trompetgeskal	c) deur die weer verniel
4. boeg	d) nie in 'n ongeluk of ramp doodgaan nie
5. nasaat	e) iets wat jy moet nakom
6. vrygeskeld	f) afstammeling
7. warrelende	g) draaiende, dwarrelende
8. verweerde	h) 'n loopvlak wat in die see in die see gebou is
9. uitdoof	i) hoef nie meer die ooreenkoms na te kom nie
10. voorwaarde	j) dowwer word tot dit dood is of weg is

B Vervang die onderstreepte woorde om die sinne waar te maak.

1. Oom Pedro is 'n afstammeling van kaptein Van der Decken. _____
2. Die eerste Pedro de Castro was die enigste een wat in die skeepsramp omgekom het. _____
3. Kaptein De Castro het uit 'n rooi glasflessie gedrink om die ooreenkoms te bekragtig. _____
4. Die mis uit die flessie wys dat oom Pedro moet bed toe gaan. _____
5. Die mis lei die seuns en oom Pedro na die pier by Kaappunt. _____
6. Uit die mis verskyn die Nossa Senhora Madalena. _____
7. Toe oom Pedro die briewe teruggee, was hy aan die ooreenkoms gebind. _____
8. In ruil vir die briewe het oom Pedro die skat gekry. _____
9. Oom Pedro gee die skatkaart vir Oupa en Ouma. _____
10. Hulle mag die skatkaart kry op voorwaarde dat hulle eers moet klaarmaak met hulle vakansiewerk.

C Samevatting:

Voltooi die sinne hieronder om te vertel wat gebeur het toe die *Vlieënde Hollander* oom Pedro en die seuns op die pier ontmoet het. Jou sinne moet so kort as moontlik wees

1. 'n Skip _____.
2. Op die boeg het _____.
3. Die Hollander het die skatkaart vir _____.
4. Die glasflesie _____.
5. Die vloek _____.


D Doen navorsing en gebruik die koerant

Die legende van die vlieënde Hollander is 'n storie wat mense aangryp. Daar is operas en dramas oor geskryf, films en skilderye oor gemaak. Doen navorsing op die internet of in die biblioteek om die name van 'n paar kunswerke en die kunstenaars te kry. Skryf dit hier:

Kunswerke oor die Vlieënde Hollander

Kunstenaar

Blaai in vandag se koerant na die kunsblad. Soek na 'n kunsberig oor jongmense of kinders en plak dit in die raam.



Wenk: Die kunsafdeling is gewoonlik op bladsy 10 van die koerant.